45

STANDVASTIG EN GETROU

LAERSKOOL CONSTANTIAPARK

# NUUSBRIEF

Nuusbrief 1 van 2023

## *45 jaar slimmer en ouliker!*




DIS **HÓÉ** ONS DIE **WÁT** DOEN

# Ons vier 45jaar waarin hoopgewers die toekoms vorm!

Beste Ouers

Is dit nie verbasend hoe vinnig 'n hele kwartaal ten einde kan snel nie. 'n Kwartaal waartydens ons die voorreg kon smaak om op 10 Maart Laerskool Constantiapark se 45ste bestaansjaar te kon vier. Om so 'n besondere mylpaal te mag bereik bly 'n enorme seëning. Dit is tydens so 'n geleentheid wat mens soos die tweekoppige Janus die verlede en toekoms tegelykertyd wil betrag. 'n Verlede waar ons alle voorgangers, wat net soos ons vandag onderwysuitnemendheid nagejaag het: hoofde, personeel, ouers en leerlinge, vir hulle talryke bydraes wil eer. 'n Verlede wat vir ons in die hedendaagse tydsgewrig die weg gebaan het om steeds hoë vlakke van onderwysgerigte prestasies in die toekoms te bly najaag. Ons is vasberade en doelgerig om die trotse nalatenskap van ons voorgangers te eer, deur onsself as skool voortdurend sodanig strategies te posisioneer om elke kind se belange trefseker te bly dien.

'n Blik op die vele realiteite in ons land veroorsaak egter uiteraard dat ons met reg benoud is oor die hoë vlakke van misdaad, rampokkery , korrupsie en dergelike meer wat hoogty vier. Dinge lyk met tye donker – dan praat ons nie net van wisselvallige elektrisiteitsvoorsiening nie. Onwillekeurig word ons met die vraag gekonfronteer: quo vadis? As onderwysers wat onsself as hoopgewers sien is die antwoord voor-die-hand-liggend: ons moet in die blink oë van elke kind wat ons die voorreg het om te mag opvoed die geleentheid sien, om steeds elke oomblik aan te gryp om saam die toekoms positief te manipuleer. Dit is wie ons is en wat ons definieer. Ons is hoopgewers, droomwaarmakers en toekomsmanipuleerders.

Alhoewel sekere samelewingstendense ons tot onrus stem, moet die skool altyd 'n stabiele omgewing skep, wat as veilige hawe dien te midde van onstuimige samelewingstoestande. Wanneer enige leerling, ouer, onderwyser of besoeker deur die hekke van die Republiek van Laerskool Constantiapark stap, waarborg ons dit wat in die aanhef tot ons Republiek verwoord word: By die Republiek van Laerskool Constantiapark sal almal wat ons skool betree met hoë vlakke van Liefde, Lojaliteit en Respek bejeën word. Daar sal aan almal wat ons kampus betree die geleentheid gebied word om te kan ervaar hoe 'n Suid-Afrika in die kleine wel moontlik is.

Mag u elkeen 'n geseënde Paastyd ervaar.

Groete

Dr. Louis Dey
Hoof

# Kwartaal 2-DAGBOEK

Enkele hoogtepunte vir solank in die dagboekskryf:

| | |
|---|---|
| 14/4 | Rapporte/ Vorderingsverslae word uitgedeel: Graad RR -7 |
| 14/4-15/4 | Super 12-Groepswedstryde |
| 17/4 | Ons vier dr. Dey se verjaardag |
| 22/4 | Wildeklawer (Netbal) |
| 5/5 -5/6 | ATKV-Redenaars |
| 11/5-13/5 | ATKV- Applous |
| 23/5 | Handboekkontrole |
| 25/5-26/5 | Super 12-Koor |
| 26/5 | Redenaars: ATKV- Semifinaal |
| 27/5 | Opedag |
| 1/6 | Formele Assessering vir Graad 7 begin. |
| 2/6 | KASKAR |
| 5/6 | Formele Assessering begin vir Graad 4-7. |
| 15/6 | Formele Assessering vir graad 4-7 eindig. |

# Ons groet

Ons groet met swaar harte vir **me. Nadine Webb**, graadhoof van graad 4, wat saam met haar gesin na Nieu-Seeland toe emmigreer. Sy is reeds vanaf 2008 'n RooiSkat en het die diep en duidelike maanspore by Laerskool Constantiapark getrap. Ons groet ook vir **mnr. Francois Meiring**, ons FLO-onderwyser en videograaf, wat ook emmigreer. Hierdie twee personeel laat gate op die maan, maar ons wens hulle die mooiste van mooi toe!





# Beheerliggaam voltallig!



Mnr. Evan Matthee:
Voorsitter



Me. Karin van Eck:
Onder-Voorsitter en Ouerskakeling



Dr. Gerhard Nienaber:
Finansies



Mnr. Oostwald Eksteen:
Infrastruktuur



Me. Charlé Bester:
Naskool



Mnr. Owen Kriek:
Sport en kontrakte

# RooiSkat- en RooiKat-personeel se ander dimensies



Juffrou Leanda, die karate koninging, is op pad SA-kampioenskppe toe.



Mnr. Renier Fox is verkies tot die Super 12-Hokkie komitee.

## Nuwe RooiKatte en RooiSkatte op die maanspoor

# Ons verwelkom:


Me. Alicia Bestbier
Sielkundige en Koördineerder: Ondersteuningsentrum


Me. Zané Hand
Graad RR


Me. Annarie Jansen van Rensburg
Graad 3 en koorleier (Juniorkoor)


Me. Zilana Uys
Graadhoof: Graad 4


Me. Mariska Oliver
Graadhoof: Graad 3


Me. Mareli Aspeling
Hulp-Graadhoof: Graad 3


Mnr. Stephan Steenberg
Natuurwetenskap en Tegnologie: Graad 4


Mnr. Corné Wiechers
Wiskunde: Graad 5


Mnr. Hans Dürr
SW: Graad 5 en 6


Mnr. Gert du Plooy
Kodering Graad 3-6




Me. Christelle Botes
Hoof: Graad R-Sentrum Naskool
Kodering: Grondslagfase

## Ons neem rentmeesterskap vir ons skool!









# Ons eerste 2023-skooldag op die maan.



# Dís hoe ons die wat doen: klein begin, groot gewin!

Laerskool Constantiapark vier vanjaar vrolik 'n fabelagtige en verruklike 45ste bestaansjaar! Die RooiKatte en RooiSkatte stap vir meer as vier dekades lank al 'n pionierspad  van uitnodigende onderwys en het selfs al 'n internasionale toekenning van die *Alliance for Invitational  Education* ontvang.

Laerskool Constantiapark leer sy Rooikatte om groot te droom met Paul Brand se bekende woorde: “If the sky's the limit, why are there footprints on the moon?” Die skool vier vanjaar sy besondere verjaarsdag deur 'n multidoel-sportarena op die dak van die Graad R-Sentrum te bou, onder leiding van mnr. Oostwald Eksteen, beheerliggaamslid vir infrastruktuur. Dr. Louis Dey,  skoolhoof van Laerskool Constantiapark, verduidelik eenvoudig:  “As daar nie meer plek vir ontwikkeling óm die skool is nie, dan gaan ons maan toe.” Me. Maryke van Rooyen, 'n ouer van die skool en argitek, het gesorg dat díe dak, wat bykans aan die maan raak, se ontwerp beide esteties asemrowend en hoogs funksioneel  is.

Die Graad R-Sentrum wat vandag nagenoeg 240 graad R- en graad RR-Rooikatte se wonderwêreld is,  is in  2008 gebou en het toe reeds die pioniersvlag geplant met netbalbane op die dak van die Sentrum.  Destyds toe die Departement van Onderwys laerskole gevra het om een Graad R-klas te begin, het die voormalig hoof, mnr. At Oosthuizen, saam met met die argitek, wyle mnr. Tiny du Toit, en bourekenaar Wynand Roelofse, koppe bymekaar gesit en op die area waarop die skool se netbalbane en krieket-nette was, 'n Graad R-Sentrum met agt klasse (wat intussen na tien uitgebrei het), 'n administratiewe kantoor, badkamers, 'n kombuis en 'n eie Graad R-Saal gebou.

Laerskool Constantiapark moes twee jaar gelede opgradering van die Graad R-Sentrum beplan in 'n tyd toe nóg spasie vir velde en bane 'n dringendheid vir die skool geword het en vanjaar, na twee jaar van beplanning  en geduldig wag vir toestemming van die stadsraad, kon die uitbreidings- en opgraderingsplan uiteindelik die lanseerblad tref.  Op 20 Februarie  toe die eerste hamer die dakoppervlak tref, het die plan om klein Rooikatjies by die skool te verwelkom, ontwikkel in 'n arena vir alle Rooikatte se drome!

Hierdie multidoel-arena word toegerus om te dien as binnenshuise sportarena vir uitgebreide sportgeleenthede wat onder meer netbal, rugby, hokkie, gholf en atletiek insluit.   Die vloeroppervlak sal sinteties wees – soortgelyk aan dié wat op binnenshuise hokkiebane gebruik word en  sal 'n besliste voordeel vir Rooikatte se sportontwikkeling inhou.  Rooikatte en spoed was nog altyd sinomiem en nou gaan die Rooikatte, wat mensspore trap, hier oefen om ook blitsig sukses te bereik en te ontwikkel met elke oefening.

Die Rooikat-Arena bied ook die geleentheid dat uitnemende onderrig en verryking gedurende die dag, saam met 16 sportsoorte, vier kore, redenaars, revue, drama en heerlike kreatiewe pretdae, in die middag 'n leefwonderwêreld  skep waarmee Rooikatte kruis en dwars oor die maan spore sal laat.

Staan saam, wen saam, Rooikatte!



# GHOLFDAG VIR DIE DAK!



# Die GROOT TREK VAN 2023

Laerskool Constantiapark se Graad R-Sentrum het vanjaar die GROOT TREK aangepak toe die bou van die multidoel-arena op die dak van die Graad R-Sentrum aangepak is. 45 jaar gelede in die skool se geskiedenis het die skool so gegroei dat van Laerskool Constantiapark se grondslagfase-klasse by Hoërskool Waterkloof gehuisves moes word om nog klasse by die skool te bou en vanjaar herhaal ons die geskiedenis met die bou van die dak oor die Graad R-Sentrum. Ons Graad R-Sentrum skuif tot einde Junie na die Oosterlig NG-Kerk se gebou toe waar hulle gemaklik gehuisves word in verskeie lokale in die ruim kerkgebou. Hierdie Kuierskool is 'n groot nuwe avontuur vir die Graad R-Rooikatte van Laerskool Constantiapark en hulle leer en speel onverpoosd, want hulle leuse is dan SPEEL IS ONS WERK! Almal is opgewonde oor die nuwe gebou wat vorm aanneem voor die GROOT TREK terug weer begin om in te trek by hulle nuwe-ou klassies terug op die terrein.
Speel bly ons werk!



# Rooikat-momente



As die formele puntskoene van 'n hoof wegsak in die water op die velde, dan spring hy sommer op sy Adjunkhoof se rug om deur die waterpoele te uber!



Almal maak 'n sokkie-maatjie!



Die FLO-kantoor is weer oop vir besigheid!



As geen saal beskikbaar is nie, oefen die seniorkoor onder die pawiljoendak! Niks stuit 'n Rooikat-koor nie!



Kolle is voos na al die middernagtelike Mnr. en Mej. CP pret!



Mnr. Louis Boshoff blom by CP!



Dis 'n lekker-lekker lewe om 'n Rooikat te wees!

## Leiers loer in by die Graad R-maatjies se nuwe Kuierskool.









## Ons leiers dien van vroeg tot laat!



Standvastig en getrou!



Hoofleier-vergadering elke week saam met die sonsopkoms.

# Rooikat-manne met rugbyplanne!



# Ontmoet ons eerstepanne vir 2023!



Staan saam, wen saam!



Rrrrrrooikatte!

## Mammas werk hard om Valentysverkope te verpak!





# Almal vier verjaardag



# Almal vier verjaardag



# Almal vier verjaardag



# Hou ons dop! Ons is nommer 2 op pad op!



# Sport in AKSIE



# Rooikat-basaar se pret en plesier!



# GROOT FM laat Rooikat-gees vibreer!



# GROOT FM laat Rooikat-gees vibreer!



# GROOT FM laat Rooikat-gees vibreer!




# DIS HÓÉ ONS DIE WÁT DOEN






# Graad 7-Spanbou



# HOOGTEPUNTE




## Drie sterre by die SA-kampioenskappe












# Instappie-pret




# Ons is Wiskunde Amesa-slim



# NW in Aksie Gesonde eetplanne



# Kyk hoe werk ons!



# Ons ontdek en leer





*Klein RooiKatte en RooiSkatte neem sommer van kleins af deel aan elke stukkie Rooikat-Aksie.*

# Allemintige Midmar-myle!




# Ouerkenmekaar




# Mnr. en Mej. CP



















# Omgeeweek




# Sentrum van die Kunste



# Om GROOT WERK speel-speel klaar te maak is wilde werk



# Hier kom die bulletjies



# MARKPLEIN



Laerskool Constantiapark
R500 Discount Voucher
R1000 discount for the first 3 people to call!
T's & C's Apply
Sugar Bay
Dream it. See it. Believe it.
www.sugarbay.co.za
it's your world!
SA's BIGGEST AMERICAN-STYLE SUMMER CAMP
SINCE 2001
Sugar Bay offers sleepover camps for kids 7-17 during school holidays and hosts selected schools during term time. Experience an unforgettable adventure with us!
Over 100 Activities
24/7 Supervision
Professionally Trained Staff
Health Care Facilities
Food & Accommodation
Located in Zinkwazi Beach, KZN
TRANSPORT OPTIONS AVAILABLE FROM/TO SANDTON AND KING SHAKA AIRPORT
032 485 3778 | HOLIDAYS@SUGARBAY.CO.ZA
www.sugarbay.co.za




Hi Ouers,
jou skool het jou hulp nodig!
School-Days
Sluit aan by School-Days en samel fondse in vir jou skool.
Geen kostes en geen ekstra kaart benodig nie.
www.schooldays.co.za
KRY JOU DIS-CHEM BENEFIT KAART
As 'n School-Days lid, wanneer jou inkopies doen en jou Dis-Chem Benefit Card gebruik, sal jou fondse insamel vir die skool.
NOMINEER JOU SKOOL
Teken in op jou profiel en nomineer jou skool as die begunstigde.
P.S. Nooi jou familie om dieselfde te doen.
SPANDEER SAAM MET ONS VENNOTE
Laai af die School-Days toep, waar jy al ons vennote kan sien en daarby betrokke kan raak. Hoe meer aktief jy is, hoe meer sal jy insamel.
Knyp die skoolfooie jou?
Ons is hier om te help!
U kan nou jou skool, kollege or universiteite fooie met jou UCount Rewards Punte betaal.
UCOUNT REWARDS
Besoek schooldays.co.za om jou punte vandag te gebruik.
School-Days
Volg School-Days op sosiale media: @school_days_sa


KIES WOOLIES DASH
EN MAAK 'N VERSKIL
WOOLIES DASH
WOOLIES KWALITEIT AFGELEWER BY JOU DEUR - VINNIG, VARS & VERKOEL
25 years OF IMPACT
MySchool MyVillage MyPlanet


ROOIKAT WISKUNDE-SENTRUM
ROOIKAT-WISKUNDE-SENTRUM
Ons soek die BOUPLAN op en kyk waar SYFERBLOKKE krom en skeef geland het.
Ons HERBOU die syferblokke wat skeeflê op die fondasie.
Ons BOU die Wiskunde-blokke reg van Graad R af.
Ons bou brûe na volgende grade.
Ons BOU aan elke week se Wiskunde sodat ons angs uit assesserings haal.
Ons bou reg vir graad 8.
Ons BOU sterk fondasies met verryking na Alpha Wiskunde en olimpiades toe.
Ons BOU positiewe gevoelens oor Wiskunde en rig nie af vir vraestelle nie.
Ons is op Laerskool Constantiapark se terrein in die kleinklas-Wiskundegang.
071 012 9613
rooikatwiskunde@lscp.co.za


Die Rooikat-Klerewinkel
is op die terrein by George-se-hek in Lilkenstraat.
Laerskool Constantiapark
ONS WINKEL HET:
• Netjiese tweedehandse skooldrag.
DIE WINKEL VERKOOP OOK:
• Sportdrag, sakke, hoede en nog dinge wat 'n Rooikat sou kon nodig kry.
• As ons op bestellings werk wat op ons CP-aanlyn-webblad (www.cp-aanlyn.co.za ) bestel word, word die bestellings hier afgelaai.
• Ramble-tasse is ook in die winkel beskikbaar.
Winkeltye:
Maandag tot Donderdag: 07:00-09:00
en 13:00-17:00
Vrydag: 07:00-11:00
Kontakpersoon:
Me. Patricia de Wet
Klerewinkel@lscp.co.za
066 026 7567


HOME OF
FRENCH BULLDOGS & MINIATURE DACHSUNDS
Beautiful miniature dachshund puppies for sale!!
Puppies are 8 weeks old, vaccinated and dewormed and ready to go to their new homes and families
Sharon: 082 414 0891 • Johan: 082 892 6759

**Uysie de Klerk Eiendomme**

'n hart vir huise sedert 1987

**Kontak my gerus indien u wil:**

- **VERKOOP/KOOP**
- **VERHUUR**

**Of**

- **WAARDASIE BENODIG**

**EK HELP GRAAG!**










Serenity
NAILS
Bring hierdie advertensie saam en kry R100 afslag* op jou eerste besoek!
*nie van toepassing saam met ander spesiale aanbiedings nie. Geldig tot 15 Mei 2023
374 Serene str Garsfontein Pretoria
Contact: 076 286 0179
Bookings online @
serenitynails84.booksy.com


ONS HELP GRAAG OM U EIENDOM TE VERKOOP
BEACON
REAL ESTATE
guiding you home
Ons is passievol
Meer as 20 jaar ondervinding
Ons bied gemoedsrus & professionele diens
Geen verpligting, gratis waardasies, leiding en aanbevelings
Leana Pool
082 557 3419
leana@iamgroup.co.za
www.beaconrealestate.co.za


WEGBREEKFEES
Breek Weg & Leef Reg
KOM JOL SAAM MET 19 TOP SA KUNSTENAARS
29 APRIL
MBOMBELA STADION
NELSPRUIT
KAARTJIES BESKIKBAAR BY tixsa BESPREEK NOU!


Ligte Musiek - Klavier en Keyboard Lesse
Kontak Juf. Elna en bespreek jou plek gou!
083 4381121
Boogies, Blues, Rock & Roll, Ligte Klassiek
Demo's kan gereël word